basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2011

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- OF FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel:
  – 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
  – 1 punt vir die rede motivering/aanhaling.
  - ➢ As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
  - ➢ As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Gee penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word ŉ aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS | Barett |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Feit√ | 1 | 2 | 2.3 | 1 |
| 1.2 | Al die geboue wat bespreek is, is in Gauteng./Die artikel is deel van ŉ reeks, want daar word daarna verwys in par.17. (Enige EEN) √ | 1 | 2 | 2.3 | 1 |
| 1.3 | verander/aangepas/heringerig/iets wat verstel is√ (ŉ woord of ŉ frase) | 1 | 2 | 1.6 | 2 |
| 1.4 | Die nuutste ontwikkelings ten opsigte van treine en sokkerstadions wat vir die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi plaasvind, het die rubriekskrywer aan vorige ontwikkelings/geboue laat dink./Tans kla mense oor die koste/oprigting van nuwe infrasruktuur en destyds het hulle ook gekla. √ | 1 | 2 | 1.1 | 2 |
| 1.5 | Dit is ŉ (besondere) hoë gebou. √/ Dit is ŉ toringgebou. √ (Die kandidate kan dit in hul eie woorde verduidelik in EEN sin.) | 1 | 2 | 1.6 | 2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.6 | Baie belangrike/bekende persone (Margaret Thatcher/ Whitney Houston/Mick Jagger/Elton John/Michael Jackson) het in die hotel tuisgegaan. √ (EEN sin) | 1 | 2 | 1.7 | 2 |
| 1.7 | Die ronde gebou was 'n vreemde boustyl (vir daardie jare en het eerder gelyk of dit in films tuishoort)./Dit lyk futuristies.√ **EN** Die boustyl het baie mense herinner aan die Bybelse toring van Babel, omdat dit ook 'n vreemde struktuur/hoë gebou (in die Bybelse tyd) was./Dit lyk of dit tot in die hemel wil reik. √ | 1<br>1 | 2<br>2 | 1.6<br>1.6 | 2<br>2 |
| 1.8 | Dit is 'n ronde struktuur. √ Dit is die hoogste residensiële gebou in die Suidelike Halfrond./Dit het 54 verdiepings. Die advertensiebord (bo-op die Ponte) is die grootste/hoogste in die Suidelike Halfrond. √ (TWEE afsonderlike sinne). | 1<br>1 | 2<br>2 | 1.4<br>1.4 | 1<br>1 |
| 1.9 | Iemand maak 'n einde aan 'n plan/Dit is verhinder/Dit is gekeer/Dit is stopgesit/Dit is geopponeer/teengestaan. √ (EEN sin) | 1 | 2 | 1.6 | 2 |
| 1.10 | Daar is laer hoogtes tussen die vloer en die plafon. √ (EEN sin) | 1 | 2 | 1.3 | 1 |
| 1.11 | Die getal 13 hou verband met ongeluk/Baie mense is bygelowig (oor die getal 13) √ (EEN sin) | 1 | 2 | 1.6 | 2 |
| 1.12 | Die halfsirkel kan nog steeds as die eenwording van 'n voorheen verdeelde nasie beskou word./Dit bring mense by mekaar./Dit verenig die mense van die land. √ (EEN sin) | 1 | 2 | 1.6 | 3 |
| 1.13 | Unisa het meer as 200 000 studente. √ (Getal is verpligtend) (EEN sin) | 1 | 2 | 1.6 | 1 |
| 1.14 | Net soos wat daar jare gelede gekla is oor die hoë boukoste word daar vandag ook gedink dat die huidige ontwikkelings geldmors is. √ | 1 | 2 | 2.4 | 2 |
| 1.15 | Wat jare terug as "duur" beskou is, is in vandag se (geld)waarde "goedkoop". √ Wat nou as "duur" beskou word, kan oor baie jare as "goedkoop" beskou word. √ | 1<br>1 | 2 | 1.6 | 3 |
| 1.16.1 | Y-vorm √ | 1 | 2 | 1.7 | 1 |
| 1.16.2 | Ronde vorm. √ | 1 | 2 | 1.7 | 1 |
| 1.16.3 | Halwe sirkel. √ | 1 | 2 | 1.7 | 1 |
| 1.17 | Carlton-sentrum wat 7 jaar geneem het./Januarie 1967 tot 1974 √ | 1 | 2 | 1.6 | 2 |
| 1.18 | Die tipografie van die woorde "Ontsnap die alledaagse" √/Die "titel" sluit direk aan by mense se droom om te ontsnap – mense lees graag daaroor. **EN** Die prent/foto van die meisie wat nie alledaags lyk nie./Die prent/foto van die meisie wat anders lyk. √ | 1<br>1 | 2<br>2 | 2.9<br>2.9 | 1<br>1 |
| 1.19 | Dit lyk asof die meisie/vrou vasbeslote is om haar lewe te verander. √ Onder haar tiener/studentedrag is professionele klere wat aandui dat sy in 'n professionele persoon gaan ontwikkel. | 1 | 2 | 2.4.2 | 2 |
| 1.20 | Herdefinieer Akademie – Herontdek Jouself. √ | 1 | 2 | 2.1 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.21 | Een word herhaal. √ Een is in vetdruk./<br>Voorplasing en agterplasing √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 2.4.2 | 2 |
| 1.22.1 | Dit vestig die leser se aandag daarop. √ /<br>Dit beklemtoon die woorde. √/<br>Dit hef die sin uit. √/<br>Dit moedig die voornemende student aan om betyds/op die spesifieke dag in te skryf. √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 2.4.2 | 2 |
| 1.22.2 | Dit verwys na die woorde in hakies. √/<br>Dit dui op 'n parentese/bystelling./Dit dui daarop dat verdere inligting elders verskaf word. √ | 1 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.23 | D/Kandidate wat graad 11 voltooi het. √ | 1 | 2 | 1.4 | 2 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

LU2 AS2.1.5 Barrett 2

**Nasien van die opsomming:**

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - o 7 punte vir 7 feite
  - o 3 punte vir taal
- Taalpunte word onder die volgende voorwaardes toegeken:
  - o Vir 1 punt moet 1 – 3 feite korrek wees
  - o Vir 2 punte moet 4 – 5 feite korrek wees
  - o Vir 3 punte moet 6 – 7 feite korrek wees
  - o Penaliseer soos volg:
    - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
    - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
    - ❖ Trek 1 punt af van die totaal behaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

1. Jy moet soveel as moontlik vir jou nuwe werkgewer bied.
2. Jy behoort/moet soveel as moontlik deeltydse opdragte aanvaar.
3. Jy moet weet watter vaardighede in aanvraag is.
4. Dit is van belang om netwerkgeleenthede te gebruik.
5. Dit is noodsaaklik dat jy deel word van die bedryf se bedrywighede.
6. Jy moet voorbereid na die onderhoud gaan.
7. Jou CV moet te alle tye gereed wees.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - o Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar 'n afkorting getoets word, moet die punte op die regte plekke te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS | Barrett |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | WB 2010 lê nie goue eiers **nie**. √ | 1 | 4 | 2.10 | 1 |
| 3.2 | Die Wêreldbeker gaan nie al die (geldelike/ finansiële) voordele waarop ons gehoop het vir Suid-Afrika bring nie. √<br>(Enige soortgelyke antwoord in EEN sin) | 1 | 4 | 3.1 | 2 |
| 3.3 | politikusse √ (spelling) | 1 | 4 | 1.5 | 1 |
| 3.4 | vuvuzela**tjie** √ (spelling) | 1 | 4 | 1.5 | 1 |
| 3.5 | C/Zoeloe √ | 1 | 4 | 1.7 | 1 |
| 3.6 | geluid/klank √<br>(Enige neutrale woord wat gepas is) | 1 | 4 | 3.3 | 2 |
| 3.7 | bekommernisse/kwellinge/sorge √<br>Nie "hoofpyn" nie | 1 | 4 | 1.9 | 1 |
| 3.8 | invloed/uitwerking/betekenis √ | 1 | 4 | 1.9 | 1 |
| 3.9 | Andrew Jennings stem nie volkome saam met dié uitspraak nie. √ | 1 | 4 | 2.5 | 2 |
| 3.10 | Kapenaar/Kaapstadter√ (spelling) | 1 | 4 | 1.9 | 2 |
| 3.11 | Almal weet, omdat hulle kennis dra, dat dit ná WB 2010 'n ramp gaan wees/<br>Almal weet dat dit ná WB 2010 'n ramp gaan wees, want/omdat dit verby is. √<br>(Enige **bywoordelike bysin)** | 1 | 4 | 2.6 | 2 |
| 3.12 | broodnodig (een woord) √ | 1 | 4 | 1.6 | 1 |
| 3.13 | , as wat aanvanklik verwag is,√ | 1 | 4 | 2.12 | 1 |
| 3.14 | resultaat/voordeel/wins/opbrengs/goeie gevolg √<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 3.1 | 2 |
| 3.15 | B/retoriese effek √ | 1 | 4 | 2.12 | 1 |
| 3.16 | professor √ (spelling) | 1 | 4 | 1.12 | 1 |
| 3.17 | owerheid √ | 1 | 4 | 1.4 | 2 |
| 3.18 | beste √ | 1 | 4 | 1.6 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.19 | slot √ | 1 | 4 | 1.4 | 2 |
| 3.20 | **’n Sin met die woord *lei*:**<br>Ek lei die blinde oor die straat./<br>Ek lei die perd na die water./<br>Ek lei die water op die lande./<br>Hy lei my na die verderf./<br>Lei my nie in versoeking nie./<br>Ek lei ons eerste span./<br>Hy lei die vergadering./<br>Ek skryf met ’n griffel op ’n lei./<br>Ek het ’n skoon lei. (Geen skuld/beswarende verlede nie) √ | 1 | 4 | 1.8 | 1 |
| 3.21 | wins toon √<br>(Beide woorde moet gegee word.) | 1 | 4 | 1.7 | 1 |
| 3.22 | As **hulle** nie geld aan die toernooi bestee het nie, wat anders kon **hulle** daarmee gedoen het? √ | 1 | 4 | 2.9 | 2 |
| 3.23 | Ek <u>beeld</u> die figuur/gedagte uit./Om iets uit te beeld, is moeilik.√ | 1 | 4 | 2.1 | 1 |
| 3.24 | geldelik/finansieel/fiskaal√ | 1 | 4 | 1.9 | 1 |
| 3.25 | kan √ | 1 | 4 | 2.1 | 1 |
| 3.26 | Gaan Suid-Afrika die fokus van die wêreld wees?/<br>Wie gaan die fokus van die wêreld wees?/<br>Wat gaan Suid- Afrika wees? √<br>(Vraagteken verpligtend) | 1 | 4 | 2.7 | 2 |
| 3.27.1 | Selfstandige naamwoord √/s.nw. (afkorting korrek) | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.27.2 | fo √ | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.27.3 | Latyn √ | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.27.4 | vuurherd/haard √ | 1 | 4 | 1.3 | 1 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou